

Versoening wanneer ek kwaad aangedoen is

Om te vergewe wanneer ons kwaad aangedoen is, is 'n moeilike saak. Filemon was 'n gesiene man onder die gelowiges in Kolosse - hy was ruimhartig en liefdevol (vers 5) maar dan word sy liefde getoets. Onesimus het as ongelowige slaaf van hom gedros en waarskynlik gesteel. In Rome kom Onesimus tot bekering. Paulus stuur Onesimus terug met 'n versoeningsbrief waarin hy Filemon motiveer om hom te vergewe. Hy vra: "...in die Naam van die Here, bewys my hierdie guns" (vers 20). Alle vergiffenis spruit voort uit ons verhouding met Jesus Christus. Smaak u die heerlike vergiffenis deur Christus? Hoe kan u weier om te vergewe? Vergewe ter wille van Christus. Geloof moet oorgaan in liefdesdade: "My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen" (vers 6). Wat Paulus bid is dit: Ek bid dat jy sal besef dat hierdie situasie in Gods hande tot groter liefde kan lei. 'n Verhoudingskrisis bied geleentheid tot groei. Ons is broers en susters in Christus: "...nou nie langer net as slaaf nie, maar meer as 'n slaaf, as 'n geliefde broer (vers 16). Die broederskap in Christus oorbrug alle grense, ook die kloof van sonde. Glo ons in Christus, dan mag niks tussen gelowiges bly staan nie.

Wat jy teenoor een gelowige doen raak ook ander gelowiges. Alhoewel 'n private aangeleentheid, rig Paulus die brief aan verskeie gelowiges (vers 2). Daarby sê Paulus: "Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met hom" (vers 12). Met jou gesindheid kan jy medegelowiges verkwik of verskeur (vers 20). Het ons meer motivering nodig om ons naaste te vergewe? Deur Christus is ons vergewe en begenadig. Vergewe dan met 'n ruim hart.

Sing: Psalm 86:3, 6

Ds. J.G.L. van der Walt (Oudtshoorn)